

Hoofstuk van die dag: Psalm 45

> *U troon, verhewe wese, staan vir altyd vas, met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied. (vers 7)*

In sy boek “Reflections on the Psalms” gebruik CS Lewis die begrip “tweede betekenis” om te verduidelik dat daar agter die

voor-die-handliggende betekenis van die psalms dikwels ’n tweede betekenis lê wat dit waaroor die psalm oorspronklik geskryf is, oorskry. Psalm 45 is ’n sprekende voorbeeld hiervan.

Dit is duidelik dat hierdie psalm gemaak is as ’n pryslied vir die koning se voorgenome huwelik. Maar daar lê ’n tweede betekenis in die psalm wat dit Messiaans maak, omdat dit heenwys na Christus (vers 7-8). Dit is ook hoe die Hebreërskrywer die psalm verstaan (vgl. Heb 1:8-9).

Die tweede betekenis strek egter verder as verse 7 en 8, want die (koninklike) huwelik is ook beeld van Christus (die Bruidegom) se liefde vir sy bruid, die kerk. Dié tema, dat die Godsvolk God se bruid is, kom meermale in die Bybel voor. Die hele boek Hosea gebruik hierdie tema om die ontrou van die Godsvolk aan hulle Bruidegom te illustreer. Paulus gebruik ook die liefde en versorgende toewyding van Christus vir sy kerk as voorbeeld vir hoe die liefde en trou in die huwelik behoort te wees (Efes 5:21-33).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026